# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS



## MEI 2025

**Donderdag 1 Mei:** "Wat julle ook al doen, werk met geesdrif..." (Kol. 3:23 Afr20). FEBA werk in baie verskillende kulture en omstandighede, maar sy personeel streef altyd daarna om hulle beste in diens van die evangelie te lewer. Bid dat God FEBA se personeel in hul bediening sal lei en dat elkeen na aan Hom sal wandel.

**Vrydag 2 Mei:** Goddelike leierskap is noodsaaklik tot FEBA se sending. FEBA se Leierskap Akademie fokus op die opleiding en voorbereiding van toekomstige leiers sodat hulle die bediening met uitnemendheid kan voortsit in 'n veranderende wêreld. Bid dat FEBA se huidige leiers die regte opvolgers sal identifiseer en dat God sterk leiers vir die toekoms sal oprig.

**Saterdag & Sondag 3-4 Mei:** Soos in baie Afrikalande, is armoede en ongeletterdheid groot uitdagings in Tsjad. Dit maak radio die ideale medium om die evangelie te verkondig. FEBA Tsjad se nuwe stasie, RACE FM, saai 'n verskeidenheid godsdienstige programme in N'Djamena se omgewing uit, insluitend 'n gebedsprogram en Bybelonderrig. Die stasie loop soms deur onder sabotasie, vandalisme, en ander pogings om FEBA se werk te ontmoedig. Bid dat God die stasie sal bewaar en FEBA Tsjad se span sal lei om inhoud te skep wat luisteraars na Hom toe trek.

---

**Maandag 5 Mei:** Bid vir FEBA Mosambiek. Sy sewe radiostasies saai die evangelie aan miljoene mense uit wat geen hoop in hul daaglikse lewens het nie. Armoede, hongersnood, geweld en politieke onrus hou hulle in vrees vasgevang. Bid dat FEBA Mosambiek se programme luisteraars se harte met hoop en vrede in Christus sal vul.

**Dinsdag 6 Mei:** "Ek dank God vir FEBA en vir die goeie werk wat radiobediening doen. Radio het my lewe binne 'n kort tydjie verander. Ek het voorheen 'n alkoholprobleem gehad – my hele salaris is op bier uitgegee. Ek dank God dat Hy my lewe verander het." (FEBA-luisteraar in Mosambiek)

**Woensdag 7 Mei:** "Julle sal My aanroep, en kom en tot My bid, en Ek sal na julle luister. Julle sal My soek en vind as julle My met julle hele hart raadpleeg." (Jeremia 29:12-13 Afr20)

**Donderdag 8 Mei:** Bid vir FEBA se bediening in Mali en Niger. Islam is in albei hierdie lande se kultuur verweef en gelowiges word gereeld mishandel of verwerp as onnatuurlik. Baie het geen kerk of pastoor as ondersteuning nie. Bid dat FEBA Mali en FEBA Niger se uitsendings gelowiges sal vertroos en ander sal inspireer om die ware God te soek.

**Vrydag 9 Mei:** Prys God vir FEBA se groeiende bediening in Malawi! FEBA Malawi se uitsendings bereik die hele sentrale- en suidelike Malawi, met Yao-luisteraars in Tanzanië wat op die kortgolfuitsendings inskakel. Bid dat FEBA Malawi se span sterk in hul geloof sal bly en dat luisteraars ontvanklik sal wees vir die Goeie Nuus deur FEBA se programme.

**Saterdag & Sondag 10-11 Mei:** Bid vir die mense in Mianmar en Thailand wat aan die einde van Maart deur die verwoestende aardbewing geraak is. Duisende het gesterf en baie ander, waaronder sommige van FEBA se personeel, moes na veiliger gebiede vlug. Bid dat diegene wat geliefdes en huise verloor het, God se vertroosting sal voel en na Hom sal draai vir hoop en verlossing. Vra dat Hy FEBA Mianmar en FEBA Thailand sal gebruik om Sy liefde te versprei en hoop te bring aan dié wat hul lewens moet herbou.

---

**Maandag 12 Mei:** Jesus het ontsaglike meelewing met randfigure gehad. FEBA Filippyne loop in Sy voetstappe met die Blessing Rahab-program, wat God se liefde deur middel van praktiese hulp met slagoffers van sekshandel deel. Bid dat God slagoffers van mensehandel sal bevry en dat FEBA Filippyne se programme oorlewendes sal help om skuiling by Hom te vind.

**Dinsdag 13 Mei:** "Toe ek aanvanklik in Jesus begin glo het, was my hele gesin teen my ... In die afgelope 30 jaar het hulle egter een na die ander in die Here begin glo. Niemand staan my meer teë nie en die res word tans tot geloof gelei. Ek luister elke oggend na FEBA se maandelikse uitsending op MP3-CD en word bemoedig." (FEBA-luisteraar in Japan)

**Woensdag 14 Mei:** "Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie. Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef." (Efesiërs 2:8-10 Afr20)

**Donderdag 15 Mei:** Vandag is Internasionale Gesinsdag. 'n Gesin kan mens se grootste seën wees, maar vir baie het sonde dit in 'n vloek verander. FEBA deel God se Woord met gesinne reg oor die wêreld deur middel van radio- en aanlynuitsendings, sowel as gesinseminare. Bid dat gesinne genesing en bemoediging deur FEBA se bediening sal vind.

**Vrydag 16 Mei:** Baie mense in Kambodja se platteland het onbetroubare elektrisiteit in hul wonings. Wanneer FEBA Kambodja se opvolgwerkers hierdie gebiede besoek, deel hulle sonkragligte en radio's uit, wat mense se aande by die huis verander. Prys God vir die geleentheid om Sy lig met luisteraars te deel en bid dat FEBA Kambodja se programme hulle na Christus toe sal bring.

**Saterdag & Sondag 17-18 Mei:** Hoewel minder as 1% van Japan se bevolking Christene is, hou die kerk aan om God se liefde te deel met 'n land wat dit desperaat nodig het. FEBA Japan ondersoek voortdurend verskillende rigtings om sy bediening in uit te brei, veral onder jongmense, sodat hy die evangelie se lig in die duisternis van verswakkende geestesgesondheid en toenemende wanhoop kan skyn. Bid dat God deure vir FEBA Japan sal oopmaak sodat hulle Sy Woord kan verkondig totdat almal in Japan dit gehoor het.

---

**Maandag 19 Mei:** In Taiwan beoefen mense verskeie rituele om hul gode se verlossing te wen. Baie sukkel met die konsep van genade wat vrylik gegee word. FEBA Taiwan saai in drie plaaslike tale uit en sy programme word vervaardig deur mense wat die kultuur verstaan. Bid dat elke uitsending luisteraars sal help om God se genade te verstaan en te aanvaar.

**Dinsdag 20 Mei:** "[Boekhoekie] het vir my 'n moet-luister program geword. Een van die boeke...het my gehelp om God vir my liggaamlike pyn te dank! Deur dankbaarheid het ek God se wonderbaarlike genesing ervaar – ek het gevorder van sukkel om te loop, totdat ek vir myself kan sorg, en nou kan ek selfs werk, binne my vermoë." (FEBA-luisteraar in Taiwan)

**Woensdag 21 Mei:** "Besing die Here, julle wat sy getroue volgelinge is, en prys sy heilige, gevierde Naam, want sy toorn duur 'n oomblik, sy goedgesindheid 'n lewe lank. In die aand word daar aanhoudend gehuil, maar teen die oggend is daar jubelkrete." (Psalm 30:5-6 Afr20)

**Donderdag 22 Mei:** Bid vir FEBA Hongkong se radiostasie, Soooradio, wat die Goeie Nuus getrou in Kantonees uitsaai. Swak geestesgesondheid, dwelmmisbruik en selfdood is toenemende probleme in Hongkong, veral onder die jeug. Bid dat FEBA Hongkong se inhoud luisteraars sal aanspoor om hoop en krag by God te soek.

**Vrydag 23 Mei:** FEBA China se teologiese kweekskool rus kerkleiers toe om die Goeie Nuus te deel en om hul gemeentes onder moeilike omstandighede te lei. Die kursus word aanlyn en deur korrespondensie gedoen, wat dit meer toeganklik maak en ongewenste aandag vermy. Bid dat FEBA China se teologiese kweekskool sterk arbeiders sal oplei om die oes in China in te bring.

**Saterdag & Sondag 24-25 Mei:** Anders-bekwame gelowiges sukkel gereeld om geestelike samesyn te geniet, omdat dit fisies te moeilik is om kerk by te woon. Uitdagings van die alledaagse lewe kan ook uitputtend wees vir hulle en hul geliefdes. Daarom werk FEBA Filippyne saam met die God is Able Foundation – hulle saai programme uit vir diegene wat deur gestremdhede geraak word en kweek daardeur samesyn en 'n begrypende gemeenskap. Bid dat FEBA Filippyne se programme anders-bekwame luisteraars en hul geliefdes sal help om krag en kameraadskap in Christus te vind.

---

**Maandag 26 Mei:** FEBA Indonesië ontvang toenemend teëstand van die owerhede, veral wanneer hulle die evangelie met Moslems deel. Die span het onlangs 'n nuwe program begin uitsaai vir gelowiges in gebiede waar Sharia-wetgewing geldig is. Bid dat God die owerhede se denke deur FEBA Indonesië se programme sal vernuwe en herlewing in Indonesië sal bring.

**Dinsdag 27 Mei:** "Nadat ek na FEBA geluister het, het ek vergifnis gevind terwyl ek treur. Ek het voor God gehuil en besef Hy is goed. Nou leef ek in vrede – ek vertrou op God en glo Hy sal my nooit verlaat nie." (FEBA-luisteraar in Indonesië)

**Woensdag 28 Mei:** "Vrede laat Ek julle na – my vrede gee Ek julle. Ek gee dit nie vir julle soos die wêreld dit gee nie. Laat julle harte nie ontsteld en bang wees nie." (Johannes 14:27 Afr20)

**Donderdag 29 Mei:** Met Hemelvaart word ons herinner aan die Groot Opdrag: om te gaan en dissipels van al die nasies te maak. Prys die Here aan wie die oes behoort en bid dat luisteraars met oop harte op FEBA se programme sal reageer. Vra ook dat die wêreldwye Kerk die werk wat Jesus vir ons gegee het, deur media en persoonlike getuienis sal voortsit.

**Vrydag 30 Mei:** FEBA Oekraïne se program, Embrace, skep 'n gemeenskap vir vroue wat uitgeput voel deur die oorlog. Met behulp van radio-uitsendings, digitale media en fisiese byeenkomste deel FEBA Oekraïne die evangelie en skep 'n ruimte vir hulle om hul beproewinge te deel. Vra dat God 'n pad sal stap met elke vrou wat aan FEBA Oekraïne se Embrace-program deelneem.

**Saterdag & Sondag 31 Mei-1 Junie:** FEBA ELSEA (Ethnic Languages of Southeast Asia) is 'n lewende voorbeeld van Handelinge. Meer as 20 spanne van verskillende tale, se personeel reis na afgeleë gebiede om luisteraars te besoek en te bemoedig, vir die siekes te bid en mense van God se Woord te leer. Hulle reis dikwels in die geheim, want sommige is voorheen in hegtenis geneem omdat hulle die evangelie deel. Bid dat God hulle geloof sal versterk om elke hindernis te oorkom en vra dat Hy die saad sal laat groei waar die bediening dit geplant het.





+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa